Moedertaal

Deur Natasha Robbetze

Afrikaans,
jy dans op die tong
van ’n nasie
wat jou verorber
as die verlede
jy lê op die lippe
van vergetenes en uitgeworpenes
jy hang - op genade
aan die hartsnare
van diegene
wat glo
jy bruis deur hulle are

Afrikaans,
jy slaap sag
in die digbundels van gister
jy ontwaak in die woordeboeke van vandag
en oral oor
vind ons vreemde tale
wat vreugdevol
jou omvang minag

maar Afrikaans,
ons salueer jou
daar waar hulle teen jou betoog
daar waar hulle jou einde
slinks beoog
want jou wonde
is die wonde van ’n volk
wat sy bebloede pleidooi
laat hoor:
hoekom word Afrikaans vermoor?